e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

5 Augustus 2010

Jaargang 3 – Uitgawe 26

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Evolusie vs Skeppingsleer

Die debat het alweer losgebrand. Hierdie twispunt sal voortduur solank as wat die twee groepe teenoor mekaar opgestel is: diegene wat nie die grense van die wetenskap kan erken nie, en diegene wat nie die grense van die Bybelse boodskap kan aanvaar nie. Die aanhangers van evolusionisme, en aan die ander kant die sogenaamde kreasioniste.

Dit sou in 'n oneindige debat ook hier op papier kon uitloop. Kom ons waag net 'n paar stellings oor wat haalbaar en aanvaarbaar is en wat nie. Ek kan nie anders nie as om vanuit my verstaan van die geloofsgemeenskap of kerk of teologie daarna te kyk. Waarmee kan of moet ons dalk maar die een of ander tyd vrede maak?

In verband met die wetenskap

Dit is in die aard van die wetenskap om vrae te vra, in die besonder oor sake wat die verbeelding aangryp en waaroor mense hulle verwonder. Soos: Waar kom alles vandaan? Dit gaan oor die groot oneindige heelal en oor die aarde met die plante, diere en mense.

Die wetenskap in verskillende vertakkings soek antwoorde op hierdie vrae ooreenkomstig eie wetmatighede. So het elke onderdeel van die wetenskap hul wêreldbeeld (paradigma), modelle, teorieë en metodes. In elke onderdeel van die wetenskap (soos natuurwetenskappe, biologie, paleontologie) is daar gemeenskappe van kollegas wat mekaar se metodes en resultate voortdurend evalueer, en nuwe ondersoekvelde identifiseer. Wanneer hulle mekaar op bepaalde punte vind en saamstem oor resultate, kom hulle ooreen om sulke resultate te AANVAAR. Hulle is ook gewoonlik die eerstes om te erken dat daar nog bepaalde leemtes is wat verder nagevors moet word.

Wanneer ons praat oor evolusie, is daar sulke duidelike terreine waar wetenskaplikes eenstemmigheid het en bepaalde resultate wat in die kring van kollegas op verskillende terreine AANVAAR is.

In verband met die geloof/teologie

Die bron waaruit die geloof leef en wat in die teologie ondersoek word, is die Bybel. Daar is in ons kring groot eenstemmigheid dat die Bybel in die 66 boeke wat daarin saamgebundel is ook vanuit ander tye na die werklikheid kyk en dat daar 'n verskeidenheid van boodskappe na vore kom. En veral dat die boeke van die Bybel nie wetenskaphandleidings is nie – op geen terrein nie. Nie oor geskiedenis, of aardrykskunde of natuurstudies *of die hoe van die skepping nie*.

Die inhoud van die Bybel kan ons beskryf as voor-wetenskaplik. Daar is derhalwe ook nie in die Bybel iets soos DIE SKEPPINGSLEER nie. Ons vind in die Bybel verskillende skeppingsverhale waarvan die elemente wat in die verhale voorkom, ook bekend is uit baie van die ander Midde-Oosterse lande soos Sumerië, Babilonië, Egipte en ander. 'n Mens hoef net met 'n oop gemoed die twee verhale van Genesis 1 en 2 te lees om te sien dat ons nie met juiste wetenskaplike verklarings te make het nie – byvoorbeeld was die mens toe laaste geskep na al die ander dinge in die natuur (Gen 1), of was die man eerste geskep en toe die diere en laaste die vrou (Gen 2)?

Die Bybelse skeppingsverhale verskil van die ander skeppingsverhale daarin dat dit soos 'n geloofsbelydenis hul geloof uitspreek dat God die Here, die Skepper is van hemel en aarde (nie die ander natuur- of vrugbaarheidsgode nie).

Oor die resultate van die wetenskaplike ondersoek kan mense saamstem of verskil, maar die dinge waaroor daar eenstemmigheid is, word AANVAAR. Die boodskap waaroor die skeppingsverhale in die Bybel getuig, is nie oor wetenskaplike resultate nie of oor die skepping as sodanig nie, maar oor die God wat as Skepper bely word. Dit vra GELOOF.

Waar bring dit ons in hierdie onverkwiklike debat? Ons kan met meer respek werk met die verskillende lewensdomeine van wetenskap en geloof. Die resultate van die wetenskap oor die natuur en die oneindige ruimtes van die heelal en die kleinste mikrobiologiese verskynsels kan gelowiges met nog ***groter verwondering en aanbidding*** vul vir die skoonheid, balans en ritme van die skepping. Ons hoef nie bedreig te voel deur enige resultaat van die wetenskap nie. *Want ons aanbid die God wat as Skepper bely word.*

Dalk moet die wetenskaplikes ook eerlik erken dat hulle nog lank nie alles in die ontstaan of ontwikkeling daarvan kan verklaar nie. Veral moet die enkele onder hulle wat dink dat hulle met hul groot wetenskaplike resultate God uit die prentjie verklaar het, maar net weer terugkeer na hul eie wetmatighede, en erken dat hul werk nie die verwondering oor die metafisiese, geestelike werklikheid kan deurgrond nie.

Prof Piet Geyser

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**

Die Hervormer **www.hervormer.co.za**

e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Ds Petrus Harmzen

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Ds Petrus Harmzen** van Gerdau/Hartbeesfontein na die Stella-kombinasie
- **Ds Rika van Staden** van Welkom na Goudveld
- **Ds Martin Fouché** van Riebeeckstad/St Helena na Goudveld

Ds Rika van Staden

Ds Martin Fouché

Vakante standplaas

Gemeente Sasolburg-Suid se predikant het op Sondag 4 Julie emeritaat aanvaar. Die gemeente wil so gou moontlik die **vakante volsorgstandplaas** vul, en wag daarom aansoeke in van predikante wat tot 12 jaar ervaring in die bediening het. Daar sal van kandidate verwag word om, na indiening van die aansoek en CV met 'n kort beskrywing van persoonlike visie en vaardighede, in gesprek te tree met die beroepskomitee, die gemeente op 'n Sondag met sy/haar gade te besoek en die erediens te lei. Die kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

Sasolburg is in die Vaaldriehoek geleë en beskik oor goeie skole asook goeie universiteite in die omgewing.

Aansoeke moet die gemeente **voor 5 September 2010** bereik. Rig aansoeke aan die skriba, Marinda Coleske, by Posbus 40, Sasolburg 1947, of per e-pos na **nhksasolsuid@matrixnet.co.za**. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 016 973 2147 of 083 443 6904.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Voorbidding word gevra vir die volgende persone en hul gesinne:**

Ds Danie Erasmus

  - Daar is verlede week borskanker gediagnoseer by **mev Selna van Staden,** vrou van dr Piet van Staden van die **Stellenbosch/Worcester-kombinasie**. Die behandeling wat eersdaags moet volg, is ingrypend.

  - **Ds Herman Gothan** is besig om mooi te herstel na sy motorongeluk. Hy is reeds uit die hospitaal ontslaan.

  - **Ds Danie Eramus** is steeds baie siek en ontvang behandeling in 'n inrigting.

  - **Ds Kálmán Papp (sr)** is baie verswak en word in die hospitaal behandel. Sy vrou, **Mieke**, is ook verswak en word tuis verpleeg. Op die foto is ds Papp in 2008 saam met sy suster Katalin Gupcsó en broer Zoltán Papp nadat die Hervormde Teologiese Akademie van die Hervormde Kollegium van Sárospatak in Hongarye hom vereer het met 'n ereprofessoraat.

  - **Mev Beaulah du Plessis**, vrou van ds David du Plessis van Gemeente Wonderboom-Suid, herstel stadig na 'n ernstige beroerteaanval.

Ds Kálmán Papp (sr), links, saam met sy suster en broer

- **Die dogter van ds en mev Piet Steenkamp** van Gemeente Saffierkus se tweeling is vroeg gebore. Dit gaan nog nie goed met hulle nie.

- **Die dogter van advokaat Joël Fourie,** jarelange lid van die Raad vir Regsadvies en ’n ouderling van Gemeente Swartkop, het ’n drieling gehad. Die een baba is oorlede en dit gaan nog baie sleg met een van die oorblywende twee.

- **Die seun van mnr Elmar Struwig**, hoofrekenmeester van die Kerk en ’n ouderling van Gemeente Villieria, het breinvliesontsteking en daarna breinontsteking opgedoen. Hy is geruime tyd in die Little Company of Mary-hospitaal behandel en is steeds nie buite gevaar nie.

- **Die suster van dr Daan van Wyk (sr)** is die afgelope week oorlede. Sy word Vrydag 6 Augustus in Pretoria begrawe.

Ds Marlize Gasson

- **Ds Marlize Gasson** van Gemeente Benoryn verwag haar eerste baba op 23 Augustus. Sy word sterkte toegebid met die bevalling.

- **Ds en mev Rudi Schoeman** se tweede baba, dié keer ’n dogtertjie, is verlede Maandag gebore. Dit gaan baie goed met die kleinding.

Prof Theo Koekemoer en
dr Daan van Wyk (jr)

- **Prof Theo Koekemoer** vier op Sondag 8 Augustus sy 60ste ampsjubileum in Gemeente Oos-Moot. Hy sal nie self die erediens lei nie. Die gemeente vier by die geleentheid Nagmaal. Op die foto is dr Daan van Wyk (jr), visevoorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), in gesprek met prof Theo tydens die Kommissie se ete op 3 Junie vanjaar met die emeriti wat 50 en 60 jaar in die bediening is.

- **Ds en mev Dawie Jacobs** is op Sondag 25 Julie in hul nuwe gemeente, Lichtenburg-Oos, ontvang. Hy is deur sy vader, ds Jakkie Jacobs, in die amp bevestig. Die konsulent, ds Gerrie Senekal, was ook teenwoordig. ’n Boodskap van gelukwense van die Kommissie van die AKV is voorgelees. Lichtenburg-Oos was geruime tyd vakant en is dankbaar om weer onder leiding van ’n predikantspaar met hul werk voort te gaan.

- **Ds en mev Paul Kern** is verlede naweek in hul nuwe gemeente, Sannieshof, ontvang. Sy seun, ds Leslie Kern, het hom bevestig en die gemeente het daarna gesellig saam verkeer. Sannieshof was geruime tyd vakant sedert die vertrek van dr Gert Volschenk. Die gemeente word seën en voorspoed saam met hul nuwe predikantspaar toegebid.

Dr Gerhard Lindeque

Ds Giel Malan

- **Dr Gerhard Lindeque** en sy vrou, Karien, het pas teruggekeer van Leuven waar dr Lindeque ’n kongres bygewoon het. Hy sê dat dit suksesvol was; hy sal later meer inligting daaroor gee.

- **Ds Giel Malan** van Gemeente Newlands begin gedurende **Augustus** met weeklikse uitsendings op die Christelike televisiestasie **Kruiskyk**. Dié stasie bestaan reeds twee jaar. Die halfuur-uitsendings is op Vrydae om 06:30, en word herhaal op Woensdae om 11:30. Om dit op te vang, moet ’n mens ’n skottel hê, en die dekodeerder instel volgens aanwysings wat by **www.kruiskyk.co.za** beskikbaar is. Predikante wat daarin belang sou stel om by soortgelyke uitsendings betrokke te wees, kan ds Malan kontak by **gielmalan@lantic.net**, 012 567 5776 of 073 570 4644. Sodra die uitsendings begin het, kan lidmate gerus laat weet hoe hulle dit ervaar.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.

  - Vrydag 6 Augustus: Dr Stephan Hoffman (Vaalharts), di PT Jacobs (emeritus) en Renier Lee (siekte-emeritaat)

- Saterdag 7 Augustus: Di Kobus Cilliers (Brits), Rassie Smit (emeritus), Coenraad Strydom (Onverwacht), Johans van Tonder (Balfour) en prof Lourens Steenkamp (Makarios)
- Sondag 8 Augustus: Di Jan Schutte (siekte-emeritaat) en Jaap Steenkamp (Potchefstroom Die Wilge)
- Dinsdag 10 Augustus: Ds Johan Ayres (Germiston)
- Vrydag 13 Augustus: Ds Jan de Wet (Bybelgenootskap)

- **Prof Theuns Dreyer en sy vrou** het op 4 Augustus na **Namibië** vertrek om gemeentes van die Kerk daar te besoek en saam met die Ringskommissie bepaalde probleme, veral rondom die verkryging van werkpermitte, te hanteer. Hy woon die komende naweek die kerkinwyding van Hentiesbaai (Gemeente Namibkus) by en sal ook groete en gelukwense oordra. Hulle keer op Maandag 9 Augustus terug.

Di Wimpie Steyn, André Ungerer, Johan du Preez en André Thomas. vorige predikante van Welgelegen-Pietersburg, dr Malan Storm (derde van regs), en ds Henk Joubert, huidige predikant van die gemeente (heel regs)

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** het verlede naweek hul 25ste bestaansjaar gevier. Di Wimpie Steyn, André Ungerer, Johan du Preez en André Thomas, vorige predikante van die gemeente, was teenwoordig. Dr Malan Storm het namens die Kommissie van die AKV en die Kerk groete en gelukwense oorgedra.

- **Gemeentes Riebeeckstad, St Helena en Welkom** het op Sondag 1 Augustus saamgesmelt om een gemeente, **Goudveld**, te vorm. Daar was groot opgewondenheid by die drie gemeentes wat reeds 'n tyd lank saamwerk en saam eredienste hou. Daar sal steeds verskillende erediensplekke wees, alhoewel die gemeente as een gemeente sal funksioneer. Gemeente St Helena was die oudste van die drie gemeentes; Welkom en Riebeeckstad het later afgestig. In die goudvelde het gemeentes groot getalle lidmate verloor vanweë die sluiting van myne. Samewerking, terugstigting, kombinering van gemeentes en samesmelting word tans in baie ringe oorweeg ten einde die beste bediening aan lidmate te verskaf. **Di Martin Fouché, Rika van Staden en Gert van Staden** het saam met 'n verkose taakspan die grondwerk gedoen. Die nuutste gemeente word in die Kerk verwelkom en seën en voorspoed toegebid.

- Die **agendas vir die 69ste AKV** word reeds versprei. Baie dankie aan die predikante en lidmate wat reeds etlike ringe se agendas kom afhaal het en dit ook binne die ring versprei. Die volgende ringe se agendas is reeds afgehaal en is by die ringskriba of voorsitter beskikbaar:

Bothaville	Brakpan	Bronkhorstspruit
Dorsland	Krokodilrivier	Losberg
Maquassi	Noord-Kaap	Pietermaritzburg
Potchefstroom	Vereeniging	Zeerust

Agendas sal steeds versprei word soos verlede week aangekondig. Die ringskribas van Pretoria word vriendelik versoek om hul ring se agendas te kom afhaal.

'n **Bundeltjie met voorgestelde liedere** word saam met die agenda versend. Gemeentes kan solank die liedere oefen, maar die AKV moet die liedere nog goedkeur.

Prof Jimmie Loader

- **Die Moderamen** van die huidige Kommissie van die AKV vergader op 12 Augustus vir die laaste keer. Die laaste Kommissievergadering vind op 2 en 3 September plaas. Vir 'n aantal lede sal dit ook hul laaste Kommissievergaderings wees. By die Moderamenvergadering sal **prof Jimmie Loader**, wat tans in die Republiek is om sy jaarlikse kwota lesings by UNISA aan te bied, sy vrou en die Moderamen saam middagete geniet. Prof Loader sal ook verslag lewer oor sy werk onder Afrikaanssprekende lidmate in Wenen. Prof Loader lei op **Sondag 8 Augustus om 09:00** die oggenderediens in **Gemeente Verwoerdburg**.

- Lidmate word uitgenooi om die **NHSV se 2010 streekbyeenkomste** met die tema *Gesinne – daar vir mekaar* gedurende Augustus en September by te woon. Die byeenkomste dien ook as toerusting aan takbesture. Op **13 en 14 Augustus** kom die streek van Dorsland in Tsumeb bymekaar, en op **14 Augustus** die streke van Bloemfontein in Welkom, Vaalrivier in Rietspruit, Swellendam in Oudtshoorn en Oos-Kaap in Jeffreysbaai. Besonderhede oor die res van die byeenkomste kan van die NHSV hoofbestuur bekom word, by 012 325 0117, 072 801 9830 of **nhsvhoofbestuur@nhk.co.za**.

- **Gemeente Dullstroom** bied nog gedurende Augustus vanjaar vir predikante gratis verblyf vir ’n naweek in Dullstroom. In ruil moet hy/sy die Sondagoggend om 10:00 vir die gemeente ’n erediens hou in die historiese ou klipkerkie. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com**.

Hentiesbaai se nuwe kerkgebou

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Namibkus: 7 en 8 Augustus**
  Inwyding van nuwe kerkgebou in Hentiesbaai
  Prof Theuns Dreyer en sy vrou namens Kommissie van die AKV
  Saterdag 7 Augustus om 14:00 oordra van groeteboodskappe en feesmaal
  Sondagoggend 8 Augustus om 11:00 hoeksteenonthulling
  deur ds Leon Janse van Rensburg en Nagmaal

- **Gemeente Hartebeeshoek: 6 tot 8 Augustus Hartklop-kunstefees**
  Op terrein van Hoërskool Oos-Moot, hv 32ste en Haarhoffstraat, Villieria
  (GPS 28°14’ 26.72”E 25°42’ 28.52”S)
  Revue, drama en toneelopvoerings deur laerskole, karaoke-aand, danskompetisie
  Baba- en-kleuter-kompetisie en Mnr en Mej Hartklopfees
  Saterdagoggend 2,5 en 5 km pretstap, korfbaltoernooi
  Sondagoggend massa-erediens gelei deur ds Arrie Kuyper, daarna orrel-en-sang-uitvoerings
  Sondagmiddag Christusfees met Karolus en Lente, Leon Pereira en Steyn Fourie
  Besoek webwerf **www.hartklopkunstefees.co.za**

- **Gemeente Wonderboompoort: Maandag 9 Augustus om 08:00**
  NHSV se Vroue-erediens vir Nasionale Vrouedag
  Gelei deur prop Carusta van der Merwe
  Daarna sop en broodjies in kerksaal
  Mans ook welkom!
  Navrae aan Giesela Schwarzer by 012 335 4181 of 083 709 9808
  of Janeke de Bruin by 012 335 0040 of 072 620 4060

- **Gemeente Bloemfontein-Wes: 13-15 en 20-22 Augustus**
  Viering van 40ste bestaansjaar
  Oudlidmate kan dokumente, foto’s en staaltjies aanstuur vir gedenkalbum
  Kontak die skriba, Santie Hamman, by 082 829 7468
  of die sekretariële beampte, Willemien Bloem, by 083 658 6753
  Stuur bydraes per e-pos na **wilred@telkomsa.net** of **ljstrauss@lantic.net**

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Leeudoringstad oggendtee**
  Met Elsabé Aldrich en tema *Alice in Wonderland*
  R100 per persoon, sluit geskenkie en verversings uit Wonderland in!
  Kontak Thea van Rooyen by 018 581 3432 of 073 723 9883

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Mafeking musiekaand**
  Mareetsane-boeresaal
  Zak van Niekerk, Thys die Bosveldklong, Jaco Labuschagne en Gerhard Odendaal
  R200 per volwassene en R50 per laerskoolkind, sluit ete in
  Kontantkroeg beskikbaar
  Bespreek by Adri Dreyer (082 388 2615) of Magda Redelinghuys (082 825 1913)

- **Vrydag 27 Augustus: Gemeente Krugersdorp-Noord jaarlikse musiekfees**
  F # koor onder leiding van Attie Rossouw, en koor van Hoërskool Noordheuwel
  Orreluitvoering deur Willem Luitingh (begeleier van Black Tie Ensemble)
  Dwarsfluitspeler Melissa Hall, verskeie soliste en 'n instrumentele ensemble
  R50 per persoon
  Kontak ds Johan of Marita Fourie by 011 953 1402 of 072 278 1456

- **Saterdag 11 September om 10:00: Gemeente Noordrand Lentedagtee**
  Met Susan Coetzer as gasspreker en haar man, Phillip Moolman, as sanger
  R70 per persoon
  Mans ook welkom
  Kontak Anette by 084 500 3989 vir besprekings

- **Saterdag 11 September om 09:00: NHSV van Gemeente Theresapark lente-ete**
  Te *Vivaldi,* Sylviastraat 78, Heatherdale
  Met Sam, stileerder van TV-program *GlamGuru*
  R90 per persoon
  Vir meer besonderhede en bespreking skakel 012 542 2805, 012 542 3568, 082 460 6279 of 073 099 3699

- **Vrydag 15 Oktober om 19:00: Gemeente Parkrand ROMANZ**
  Te Hoërskool Oosterlig in Boksburg
  Baie kaartjies beskikbaar
  R160 per persoon (sluit vertoning en kaas-en-wyn-ete in)
  R100 per persoon (slegs vertoning)
  Kontak Hilda by 082 281 8947of gemeentelike kerkkantoor by 011 896 3112 (09:00-13:00)

- **Sondag 31 Oktober: Gemeente Kemptonpark-Oos Onbeskaamd**
  R25 per persoon
  Groepe van 20 of meer, R20 per persoon
  Kontak Anneline by 082 924 7344 om te bespreek

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Sionspoort: Fietswedren Saterdag 14 Augustus**
  Oor 120 of 58 km (pad) en 50 of 23 km (bergfiets)
  Skakel Johan van Staden by 082 464 1547
  Besoek **www.sionspoort.org** vir meer inligting

- **Gemeente Parkrand: Gholfdag Donderdag 9 September om 11:00**
  Te ERPM Gholfbaan in Boksburg
  Beperkte hoeveelheid 4-bal beskikbaar
  Borge vir bof en setperke benodig, teen R1 000 elk
  Kontak Dries by 082 906 09017
  of gemeentelike kerkkantoor by 011 896 3112 (09:00-13:00)

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester: Biltong-kuieraand en dans**
  Vrydag 13 Augustus
  Mayfair Village
  Verskeidenheid biltong, droëwors, tuisgebakte brode, smere en konfyte
  Koffie/tee met soetigheid
  R110 per volwassene, kinders onder 12 R50
  Kontak Veronica Blake by 082 969 1302 of 018 468 4650 naure

- **Gemeente Erasmia: Jaarlikse Bybelstap Saterdag 14 Augustus**
  Voortrekkermonument
  Registrasie vanaf 07:00, stap begin om 08:00
  Ook ’n roete vir bergfietse
  R35 per persoon
  Navrae aan Isme Dalton by 012 370 3513 of 082 962 2870

- **Gemeente Roedtan: Buffeljagkompetisie met trekking 14 Augustus**
  R50 per kaartjie
  1ste prys: Buffelkoei, 2 blouwildebeeste, koedoe, blesbok, rooibok en akkommodasie vir 10 vir vier dae
  2de prys: Voëljag en akkommodasie vir 10 vir twee dae
  Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, faks 086 518 9110,
  of **jagkompetisie@gmail.com**
  Bankrekening: Absa Spaar; takkode 632 005; rekeningnommer 924 227 4630

- **Gemeente Mafeking: Vakansie-akkommodasiekompetisie**
  Trekking 28 Augustus
  R50 per kaartjie
  1ste prys: 3 nagte verblyf vir 8 by Botsalano Game Reserve in 4 tweepersoon-, luukse selfbedieningstente
  2de prys: 3 nagte verblyf vir 4 in houtkothuis in Bloemhofdam (ideaal vir hengelaars)
  Kontak Johan of Rika de Klerk by 082 552 0237 of 079 526 1443
  of Magda Redelinghuys by 082 789 1523

- **Gemeente Bloemfontein: Drienasies Saterdag 4 September**
  (Bokke teen Australië)
  Teen donasie van R3 000 (waarde van pakket R10 000, insluitend groot fotocollage van die wedstryd en jy en jou vriende op die pawiljoen)
  Wen 10 sitplekke in ’n semi-losie op losievlak
  Biltong en koeldrank word voorsien
  Slegs 15 lootjies sal verkoop word!
  Sluitingsdatum 20 Augustus om 09:00, wenner hoor om 09:30
  Kontak Danie Nortjé by 082 446 4890

- **Gemeente Premiermyn: Wen ’n Ford Bantam-bakkie**
  Slegs R100
  Wenner bekendgemaak op **17 September** se NHSV-kuieraand
  Kontak Piet by 083 230 1135

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Wen ’n boerdery**
  Gemeentes koop pakket(te) teen R5 000 elk (50 boekies met 11 kaartjies)
  Verkoop kaartjies teen R100 stuk en samel R50 000 in
  Groot pryse te wen
  Sluitingsdatum **4 April 2011**, trekking 8 Mei 2011
  Kontak Barry of Martie Pretorius by 018 431 0331 of 082 572 2124
  of Piet en Babsie Ferreira by 018 431 0685
  of ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

- **Gemeente Derdepoort: Vleis**
  Wildswors R38 per kg en wildsvleissalami's R100 elk
  Boerewors, maalvleis en kookvleis ook beskikbaar
  Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402 om te bestel

- **Gemeente Derdepoort: Sonkrag**
  Vervang geisers met sonkragtoestelle
  Kontak ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

- **Gemeente Derdepoort: Barmhartigheidsprojek**
  Donasies benodig van blikkieskos, niebederfbare kos, klere en breekgoed
  Sal dit kom haal!
  Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

Basaars en markte

- **Saterdag 7 Augustus: Gemeente Vliegepoort in Thabazimbi**
  Apiesdoring-karnaval
  Met Juanita du Plessis, Jammies Jamneck en Hoot n Annie
  Baie te eet, baie pret, baie te wen
  Toegang gratis
  Navrae: Izak Joubert 083 488 6357 of Hennie van der Linde 083 507 0335
  (Sien ook ADVERTENSIE op bladsy 12)

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit geskenkemark**
  Stalletjies beskikbaar teen R150 elk
  Skakel 013 932 2929 vir meer besonderhede

- **Saterdag 28 Augustus: Gemeente Mafeking Ommi Wêreld-basaar**
  Smullekker eetgoed, buffelbiltong en -droëwors, vlakvarksalami
  Plante en tradisionele basaaritems
  Unieke tuisgebak en handwerkstalletjies, en veiling van handvervaardigde meubels en kunswerke
  Toegang, musiek en gasvryheid gratis!
  Kontak Johan of Rika de Klerk by 082 552 0237 of 079 526 1443

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 September: Gemeente Witfontein**
  7de Delwersfees
  Delf vir prysgeld ter waarde van R32 500 kontant
  Vir hele gesin om te geniet
  Smul aan tradisionele etes, brousels en stokings
  Kontak Dries Joubert by 082 581 2142 of Ferdie Lubbe by 082 552 3944
  of Jimmy Manders by **jtmanders@icon.co.za**

- **Saterdag 4 September: Gemeente Magaliesmoot Countryfees en osbraai**
  Stalletjies te kies en keur
  Toegang R20 vir volwassenes en R10 vir kinders onder 10
  Kontak Elma du Plessis by 082 954 7955
  of Emmerentia Botha by 083 243 6014

- **Saterdag 4 September: Gemeente Welgelegen-Pietersburg basaar**
  Kontak Annatjie Sandrock by 015 295 5464 of
  nhk.welgelegen@absamail.co.za

- **Saterdag 11 September: Gemeente Meyerspark Stoepsittersfees**
  Fondsinsameling vir blanke plakkerskampe in Pretoria
  Wen ’n 1.3 Ford Bantam-bakkie vir R250
  Kontak Fred Paynter by 083 226 8299 of **mwpaynt@mweb.co.za**
  of die skriba, Simon Kotze, by **nhmeyerspark@lantic.net**

ANDER NUUS

- Lede van die **Eendrachtkring** wat die **sop-en-sjerrie-byeenkoms van 12 Augustus** by die Ons Tuis-dienssentrum wil bywoon, moet asseblief dringend, **op die laatste op Maandag 9 Augustus**, met Hendrien Swart (012 654 9766 of 083 722 3653) of Marié Antonites (012 332 1053 of 072 740 9537) skakel om te bespreek. Ons sien daarna uit om mekaar daar te sien. Die versending van die kennisgewings is ongelukkig vertraag weens die drukte by die Sinodale Kerkkantoor met die voorbereidings vir die AKV.

- Die **Federasie van Geloftefeeskomitees** vergader op **Saterdag 14 Augustus** by die Gereformeerde Kerk in Kerkstraat (Kruger se kerk). Registrasie is R60 en die vergadering begin om 13:30. Kontak Joffré Papenfus, Sekretaris: Afrikaner Kultuurbond, 083 709 4129, faks 086 583 4191.

- **Nasionale konferensie oor geweld**
  Sentrum vir Publieke Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria
  Violence *in the democratic South Africa: A challenge to theology and the churches*
  Dinsdag 10 tot Donderdag 12 Augustus
  Sanlam-ouditorium, Konferensiesentrum, hoofkampus UP
  Hoofspeker prof Wolfgang Huber, Evangeliese Kerk in Duitsland
  Ander buitelandse teoloë en Suid-Afrikaanse deskundiges
  R250 vir hele konferensie, R125 vir een dag
  Kontak Cobus van Wyngaard by **cobusvw@gmail.com**

- Die **10de Internasionale Kongres vir Calvynnavorsing** vind van **22 tot 27 Augustus** plaas aan die **Universiteit van die Vrystaat**. Meer as 70 internasionale medewerkers en akademici sal die Kongres bywoon. Die Kongres is ’n platvorm vir die aanbied en beredenering van die jongste oorspronklike Calvyn-navorsing. Hierbenewens beoog die Kongres in die besonder om jong opkomende navorsers te bemagtig om die akademiese leiers van die toekoms te word. Onder meer die volgende temas word behandel: geestelike vorming, Calvyn-navorsing in die digitale era, die gevolge van oorspronklike sonde, Nagmaal, Calvyn in Spanje en Japan. Die program bestaan uit werkswinkels, voordragte, seminare en mini-referate, met ruim tyd vir bespreking. Hierbenewens bring die Kongres ook ’n besoek aan die Morija Theological Seminary in Lesotho. Die volledige program en inskrywingsvorm is beskikbaar by **www.ufs.ac.za/teologie**. **Inskrywings sluit op 8 Augustus**. Navrae kan ook gerig word aan prof Dolf Britz by **britzrm@ufs.ac.za**.

- Die **37ste Kongres van die Kerkhistoriese Genootskap** vind op **Woensdag 25 Augustus** by Gemeente Pretoria plaas. Die tema van die kongres vir 2010 is ***Cottesloe – 50 jaar later...*** Sprekers wat optree, is dr Johan Steenkamp, prof Johan Koekemoer, dr Daan van Wyk (jr) en dr Johan Otto. By die geleentheid word die SP Engelbrecht-museum bekendgestel. Bevestig u bywoning asseblief **teen 10 Augustus** aan die sekretaris, dr Malan Storm, by 012 803 7528 of 083 308 1030.

- **Kongres oor transendensie**
  Unisa se Navorsingsinstituut vir Teologie en Religie
  Donderdag 2 tot Vrydag 3 September
  Unisa se Sunnyside-kampus
  Prof Toine van den Hoogen van Nederland
  Nasionale sprekers: Prof Cornel du Toit, dr Etienne van der Walt, dr Francois du Rand, prof Amanda du Preez, Frank Valentine, prof Julian Müller, prof Hansie Wolmarans, dr Elsabé Kloppers, prof Klaus Nürnberger, dr Detlev Tönsing en prof Rakgotsoane
  R250
  Bespreek deur e-pos te stuur na **phukumlm@unisa.ac.za**
  Skakel me Nonnie Fouché by 012 429 4470 of me Phukuile by 012 429 4369

- Volgens 'n verslag van die **Wêreldbond van Bybelgenootskappe** het die 147 Bybelgenootskappe wat in meer as 200 lande werk, verlede jaar 29 391 276 volledige Bybels versprei. Dit is 3% meer as die vorige jaar. Die meeste van hierdie Bybels, 12,1 miljoen, is deur Bybelgenootskappe in Noord- en Suid-Amerika versprei. In Asië en die Stille Oseaan-streke is bykans 10 miljoen Bybels versprei, gevolg deur 5,1 miljoen in die lande van Afrika. 'n Verdere 2,1 miljoen volledige Bybels is in Europa en die Midde-Ooste versprei. Die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** het verlede jaar meer as 1,3 miljoen Bybels en Bybelgedeeltes in 131 verskillende tale versprei. Hiervan was 846 299 volledige Bybels.

- **Die Ondersteuningsraad** het vakatures by Heidelberg, Krugersdorp en Witbank vir **Afrikaanssprekende maatskaplike werkers**, en 'n vakature vir 'n **programbestuurder** in die Oos-Randstreek (Brakpan, Elsburg, Kemptonpark en Johannesburg). Navrae kan gerig word aan mev Mariaan Steenkamp, uitvoerende direkteur van die Ondersteuningsraad, by 012 322 8885 x290, faks 012 322 5787, of **mariaans@nhk.co.za**.

- Diakonale Pleegsorg (DPS). **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Rustenburg**. Datum van diensaanvaarding Desember 2010 maar nie later nie as 1 Januarie 2011. **Aansoeke sluit op 13 Augustus 2010.** Getroude egpaar, verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud, lidmate van die Hervormde Kerk, goeie gesondheid en 'n aanvoeling vir kinders. Suksesvolle ouers sal benewens 'n maandelikse kontantvergoeding en mediese voordele, gratis inwoning in die DPS-huis ontvang. Kontak dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880.



- Op **Vrydag 3 September** vier ons **Loslitdag**. Maak 'n **R10-donasie** deur 'n **plakker** te koop en op dié dag te dra, en wys jou ondersteuning vir persone met gestremdhede. Trek verspot of anders aan, want die slagspreuk vir die jaar sê: *Laat ons lag met jou drag want jou plakker sê jy mag*. Vir meer inligting, besoek **www.loslitdag.co.za**, of kontak Karin du Toit van die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) by 012 320 7644 of 082 500 9301.

- **Dr JM van Tonder** (emerituspredikant van die **Gereformeerde Kerk Krugersdorp-Wes**) is besig met 'n tweede doktorale studie, oor die betrokkenheid van die drie Afrikaanse Kerke by die **Tweede Wêreldoorlog**, 1939-1945. Hy wil mondelinge oorlewering opteken van soldate, die polisie, kuswag en ander strydmagte, asook lede van die Ossewabrandwag. Hervormers met wie hy kontak kan opneem, kan hom kontak by **altydbeter@gmail.co.za**, 011 660 6164 of 082 544 2879.

- **Geleentheidsverblyf.** Ons Tuis in Riviera, Pretoria, bied aan ouer selfstandige lidmate van die Hervormde Kerk tydelike verblyf in goed toegeruste wooneenhede terwyl die familie by wie hulle inwoon binne- of buitelands vir vakansie of sakedoeleindes moet reis. R550 per dag vir twee persone wat deel en R350 enkel

– sluit drie etes in, alhoewel die eenhede met volle kombuisgeriewe, breekware en tafelgerei ingerig is. Hierdie verblyf op dieselfde voorwaardes is ook beskikbaar vir besoekende predikante, kerkraadslede en lede van die NHSV. Navrae kan gerig word aan Elize Mans by **otbestuur@otmt.org** of tydens kantoorure by 012 329 3623.

- **Van der Hoff Teologiese Verenig**ing verkoop vanjaar weer dasse. Daar is twee verskillende ontwerpe, en die dasse kos R110 elk. Vir navrae en bestellings, kontak Lisa-Mari Swanepoel by 083 943 4561, of stuur 'n e-pos na **lisamari.swanepoel@gmail.com**.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

    - Donderdag 12 Augustus: Moderamen; Direksie van Monumenttehuise

KOMMENTAAR

"Ek wil u graag bedank dat u aandag geskenk het aan my versoek om die gemeentes by te voeg by die name van die predikante wat verjaar.

Dankie vir die moeite wat u weekliks doen met die *e-Hervormer*.**"**

Neill Kelder

"Dit is opvallend hoe in die verlede *kerkskeuring* plaasgevind het wat later geblyk het kerkuitbreiding en -hervorming te wees. Hiermee saam ook dat dit aanvanklik na oppervlakkige redes gelyk het waaroor uiteengegaan is en dit later geblyk het dat diepgaande verskille daarby betrokke was, soos Christo Geldenhuys in verlede week se *e-Hervormer* aantoon. Paulus was gesteld op die eenheid van die kerk maar het sy vertroue in Markus verloor, en dan skei sy en Barnabas se weë. Dit lyk asof die uiteengaan van die NH of G Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika maar net oor 'n naamsverskil was. Toe was daar ernstige versoeke selfs van staatsweë dat die eenheid van die kerk om politieke redes behoue moet bly. Agterna gesien, besef 'n mens hoe diepgaande die verskille was en dat dit in werklikheid 'n broodnodige teologiese klemverskuiwing was. Ook die teologiese voedingsbronne het geblyk aan die een kant te wees die Skots-Engelse Metodisme wat later die Amerikaans-sosiaal gerigte rigting ingeslaan het en aan die ander kant die Reformatoriese teologie soos verwoord deur die teoloë vanuit Switserland, Nederland en Duitsland. Wat die teologiese invloed hiervan was en nog is vir die kerk en die denke in die RSA, behoort uitstekende navorsingstof vir 'n doktorale studie te lewer.**"**

Ds FH van der Merwe

"Ek lees graag die *e-Hervormer* omdat dit aktueel en ook saaklik is. Die voorblad van die uitgawe van 22 Julie laat my tog wonder of daar met die AKV in gedagte voorbrand gemaak moet word om nie aktuele sake grondig uit te praat nie. Om liefde en waarheid teenoor mekaar te stel asof die een nie die ander impliseer nie. Sou dit dan nie juis uit liefde vir die Kerk nodig wees om die knaende saak oor eksklusiwiteit vir eens en altyd agter die rug te kry nie? In die wêreld waarin ons leef, is dit nodig om te besin waarom die kerk in die wêreld staan. Is dit dan nie juis om die boodskap van Christus na almal uit te dra nie? Teen hierdie tyd is dit tog duidelik dat die getalle van die Kerk aan die afneem is en dat daar introspeksie moet wees of die Kerk sigself juis met die waarheid besig hou.**"**

Dr Ernie Jacobson, Lynnwoodrif

ADVERTENSIES

THABAZIMBI APIESDORING-KARNAVAL
Saterdag 7 Augustus van 09:00 tot 15:00.
Wees ’n slag laf en maak ’n donkie se balk na, en wen R5 000 kontant!
Gaskunstenaars Juanita du Plessis, Jammies Jamneck en Hoot n Annie.
Jaglekkernye soos pap en wildslewer of pap en pofadder of skilpadjies.
Roosterkoeke, bakoondbrood en nat beskuit is ook op die spyskaart.
Kies vir hoofgereg tussen skaap op die spit of afval en stampmielies.
Boomklimkompetisie, laser-kleiduifskiet, boogskiet, kettieskiet, ’n spookhuis, ’n reusetombola en nog baie ander.
’n Veiling waar net kinders tot 17 kan bie op ’n kaskar, elektroniese fiets, miniatuur-varkie, kinderbogie, ensovoorts.
Raai ’n elandkarkas se gewig en jy kan hom wen: verpak en gebiltong en reg om huis toe te vat.
’n Riembrei-demonstrasie met ’n kameelperdvel!
Toegang is gratis.
Navrae: Izak Joubert 083 488 6357 of Hennie van der Linde 083 507 0335.

MARIJA MANOR GASTEHUIS (WONDERBOOM)
Marija Manor Gastehuis is 3 km van die Hervormde Kerk in Marjoramstraat geleë waar die driejaarlikse Algemene Kerkvergadering in September plaasvind.
Kontinentale ontbyt is ingesluit.
Buffetontbyt ook beskikbaar op aanvraag.
Veilige parkering en goeie sekuriteit.
Bekostigbare pryse.
Kontak Jolanda by 083 447 2240.
Besoek **www.marijamanor.co.za**.



WATERBOK WILDPARK GASTETUISTES
Uniek!
Kom oornag of breek weg vir ’n naweek of vakansie in die natuur net oos van Pretoria. Weg van verdringing!
Veilige en rustige wildparkverblyf op Kleinfontein – digby Rayton-afrit vanaf N4-snelweg.
Toegeruste private selfsorg 1- of 2-slaapkamer wooneenhede teen baie billike pryse.
Besprekings by Rina 083 778 4605.
Besoek ook **www.waterbok.co.za**.

RIETFONTEIN-OORNAG (PRETORIA)
Selfsorgeenhede
- gerieflik, netjies, stil, selektief
- naby hospitale, hoofweë, sentrums
- mandjie-ontbyt op aanvraag
- bekostigbaar
- veilige parkering

Kontak Adaleen by 083 345 7717

****

Wil u u gastehuis in die Pretoria-omgewing adverteer vir die tydperk van die 69ste AKV aan die einde van September, of dalk verblyf in Potchefstroom gedurende Aardklop?

Van 26 September tot 2 Oktober is lidmate en predikante van oor die hele land in Pretoria. Sommige sal kalenders wil laat druk. Adverteer u drukkery in die *e-Hervormer.*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.**

Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

Nuwe Bybelstudiegids beskikbaar

'n Nuwe Bybelstudiegids het pas by SENTIK verskyn. Dit is *Die Ons Vader-gebed* van dr Gert Malan.

Hierdie eerste Bybelstudie in die reeks *Om die Bybel (beter) te verstaan* pas die beginsels van Bybelverstaan toe soos uiteengesit in die boekie *Om die Bybel (beter) te verstaan* wat in 2008 verskyn het. Lesers moet verkieslik die eerste boekie byderhand hê met hierdie Bybelstudie. Bybelstudies oor Filippense en die Johannesbriewe is ook reeds in wording.

Om te bid, is 'n baie persoonlike deel van gelowiges se verhouding met God. Dit is Jesus wat ons verhouding met God 'n werklikheid maak. Jesus het ons geleer hoe gelowiges moet bid. In dr Malan se gids word die twee weergawes van die Ons Vader-gebed in die Matteus- en Lukasevangelie met mekaar vergelyk.

Bestel die nuwe Bybelstudiegids van mev Susann van Zyl by die SENTIK-boekwinkel, tel 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906 of **sentik@nhk.co.za**. Die boekie kos R30 (posgeld uitgesluit). *Om die Bybel (beter) te verstaan* is ook beskikbaar, teen R35 per eksemplaar (posgeld uitgesluit).

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse